# DIE HUISGENOOT

VERENIG MET ONS MOEDERTAAL

Geïllustreerde Weekblad

*Onder Redaksie van Dr. H. G. Viljoen.* *Uitgewers: Nasionale Pers, Bpk., Bus 692, Kaapstad.*

Deel XII., No 273.] 17 JUNIE 1927. [Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad. Prys 4d.

# *Die Afrikaanse Eisteddfod.*

VANJAAR word die Algemene Eistedd fod nie weer in Kaapstad gehou nie Die leiers van die Afrikaanse Afdeling was baie teleurgesteld, want dit val nie te betwyfel nie dat hulle met hulle Afdeling vanjaar 'n prágtige vertoning sou gemaak het. Die propaganda wat hulle so stelselmatig met groot ywer in die verlede gevoer het, sou vanjaar juis die beste vrugte kon afwerp. Maar hulle het nie die hande slap laat hang toe hierdie ontmoedigende berig bekend gemaak is nie. Hulle het daar en dan die stoute skoene aangetrek om vanjaar 'n Afrikaanse Eisteddfod in Van Riebeeck se stad te hou. Ons het hierdie dapper besluit van harte toegejuig, want dit getuig andermaal van die verbasende vooruitgang wat Afrikaans selfs in Kaapstad die laaste jare gemaak het. Maar laat ons dit nou goed verstaan. Ons moet die ondersteuning van almal ontvang om hierdie grootse onderneming 'n reusesukses te maak. Almal moet ons bystaan. Ons doen 'n beroep op ons skrywers en kunstenaars om aan die wedstryde wat uitgeskryf word, flink deel te neem.

Die S.A.O.U. het die voortou geneem en by ons aangeklop om ons beskerming aan die beweging toe te sê. Dit het ons met die grootste bereidwilligheid en vrymoedigheid gedoen. Dan het die S.A.O.U. ook daarin geslaag om die medewerking van al die vernaamste verenigings in die Kaapse Skiereiland te verkry. Die A.C.V.V., A.N.V., A.T.V., die Bond vir Maatskaplike Werk en die Oranjeklub neem almal deel. Ons sien dus dat dit 'n eg-Afrikaanse saak is, en ons sien almal reikhalsend na die welslae van die eerste Afrikaanse Eisteddfod in Kaapstad uit.

Ons laat hier 'n voorlopige aankondiging volg.

Veral onderwysers, Afrikaanse verenigings op die platteland, kunsliefhebbers en yweraars vir ons eie kultuur moet by ons staan en hulle deel bydra om die onderneming 'n sukses te maak. Verenigings op die platteland kan die weg tot sukses baan deur self eers plaaslike wedstryde uit te skryf om die beste talente in hulle omgewing te ontdek. Hierdie pryswinners kan dan aan die Afrikaanse Eisteddfod deelneem. Op dié wyse word die hele land bearbei en die kunssin geprikkel. Daar dit voorlopig gereël is dat die Eisteddfod 'n aanvang op die eerste Saterdag ná die Septemberskoolvakansie sal neem, het alle deelnemers voldoende tyd om hulle vir die wedstryde te bekwaam. Ons sal so spoedig moontlik die volledige program publiseer. Laat ons nou almal bymekaar staan en toon dat die Afrikaner hom in die Moederstad meer en meer gaan handhaaf.

Diegene wat self nie aan die wedstryde kan deelneem nie, kan hulle deel bydra deur pryse vir die verskillende Afdelinge uit te loof. Hierdeur sal hulle ons almal baie verplig.

* * * * *

Voorlopige aankondiging in verband met

DIE AFRIKAANSE EISTEDDFOD.

Onder beskerming van DIE HUISGENOOT.

[Georganiseer deur die S.A.O.U., met medewerking van die A.C.V.V., A.N.V., A.T.V., die Bond vir Maatskaplike Werk en die Oranjeklub.]

Te begin ongeveer die eerste Saterdag ná die Septemberskoolvakansie in Kaapstad.

I.—'n Dringende beroep word gemaak op
Onderwysers;
Afrikaanse verenigings (veral op die platteland);
Kunsliefhebbers;
Yweraars vir ons eie kultuur
om ondersteuning deur
(a) Deelnemers aan te moedig;
(b) Self deel te neem;
(c) Belangstelling in die onderneming op te wek;
(d) Plaaslike wedstryde voorlopig te hou;
(e) Vertroud te raak met die voorgeskrewe stukke;
(f) En masse die wedstryde in Kaapstad by te woon;
(g) Pryse aan te bied om een of ander Afdeling spesiaal te bevorder.

II.—Voorgestelde Breë Program:

*Afdelings.*

1. Voordragkuns:
   (a) Elokusie vir meisies en jongetjies van 9 tot 16 jaar;
   (b) Elokusie vir Volwassenes;
   (c) Toneelspel.
2. Volkale musiek:
   (a) Solosang vir verskillende stemme—dames en here;
   (b) Skoolkore;
   (c) Gemengde kore;
   (d) Duette;
   (e) Kwartette;
   (f) Aksieliedjies.
3. Instrumentale musiek: Amateurorkes.
4. Komposiesie van musiek vir sang van 'n voorgeskrewe gedig.
5. Letterkunde:
   (a) Poësie;
   (b) Joernalistiek;
   (c) Kort verhaal;
   (d) Toneelstukke;
   (e) Vertalings.
6. Handearbeid:
   (a) Tekenwerk;
   (b) Naaldwerk;
   (c) Verskeie ander soorte.

III.—Pryse, ens., reeds beskikbaar:
1. DIE HUISGENOOT-Skild.
2. Vier Silwerbekers.
3. Verskeie geldpryse.
4. Diplomas vir alle Afdelings.

IV.—Besonderhede insake
(a) datums,
(b) voorwaardes,
(c) voorgeskrewe stukke,
(d) spesiale pryse
word binne die volgende veertien dae gereed gemaak.

V. Benodigde musiek moet dadelik persoonlik bestel word by musiekhandelaars in geval dit van oorsee moet kom.

Voor die vakansie word die voorgeskrewe lys gepubliseer. Bestel dus betyds.

VI.—Nou is ons kans om te wys wat ons kan en wil doen op kunsgebied!

VII. Datums en tye word spesiaal gereël vir die gerief van plattelandse mededingers en belangstellendes.

J. J. JORDAAN, Voorsitter.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012